


Bybel vir Kinders
bied aan

Die Kruisiging



Geskryf deur: Edward Hughes
Ge-illustreer: Janie Forest
Alastair Paterson
Aangepas deur: Lyn Doerksen
Vertaal deur: Hannelie Niemandt
Vervaardig deur: Bible for Children
www.M1914.org

BFC
PO Box 3
Winnipeg, MB R3C 2G1
Canada

©2021 Bible for Children, Inc.

Lisensie: U het die reg om hierdie stories te kopieër en te druk maar u mag dit nie verkoop nie.



Maria het op die lawaaierige berg gestaan, sy was baie hartseer. Haar Seun is besig om dood te gaan. Sy het naby die plek gestaan waar Jesus aan die kruis gehang het.





Hoe het dit Gebeur? Hoe kon Jesus se mooi lewe op so aaklige manier eindig? Hoe kon God toelaat dat Sy seun op 'n kruis gehang word, om daar dood te gaan!

Het Jesus 'n fout gemaak? Wie was Hy? Het Hy misluk?






Nee! God het nie misluk
nie. Jesus het nie 'n
fout gemaak nie. Jesus
het altyd geweet dat
Hy doodgemaak sal
word deur bose mense.
Toe hy 'n baba was het
Simeon vir Maria gesê
van die hartseer wat
voorlê.



'n Paar dae
voor Jesus
dood gemaak is,
Het 'n vrou duur
parfuum op Jesus
se voet kom uitgooi.
"Sy mors geld" het die
disipels kla. "Sy doen
'n goeie daad" het
Jesus gesê.



Na dit het Judas een van
Jesus se twaalf dissipels
ooreengekom met die
hoëpriester om Jesus te
verraai vir 30 silwer
geld stukke.



By die Joodse Paasfees, het Jesus die laaste nagmaal saam met sy dissipels geëet. Hy het hulle vertel van die wondelike dinge wat wag vir die mense wat aan Hom gehoorsaam is. Toe het Jesus vir hulle brood gegee en ook die beker om te drink. Dit was om hulle te herrinner dat Jesus se liggaam en bloed sondes vergewe.



Toe het Jesus vir die dissipels gesê dat hy verrai sal word en dat hulle almal van Hom af sal weghardloop. "Ek sal nie weghardloop nie" het Petrus gesê. "Voor die haan kraai sal jy drie keer sê jy ken my nie." Het Jesus gesê.






Later daardie selfde nag het Jesus na die tuin van Getsemanie gegaan om te bid. Maar die dissipels het aan die slaap geraak. Jesus het gebid, "My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan; nogtans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil."



Skielik was 'n hele klomp soldate in die tuin, Judas was voor in die groep. Jesus het nie baklei nie, maar Petrus het 'n man se oor af gekap. Jesus het die man se oor weer terug gesit en dit gesond gemaak. Jesus het geweet dat dit deel van God se plan was dat Hy gearresteer moet word.




Die soldate het Jesus na die Hoëpriester se huis
gevat. Daar het die Joodse leiers besluit om Jesus
dood te maak. Petrus het daar naby gestaan en



gekyk wat gebeur. Drie
keer het mense vir
Petrus gesê "Jy was by
Jesus" Drie keer het
Jesus gesê dit is
nie so nie. Hy het
tot gevloek en
gesweer om vir
die mense te
wys dat hy nie
vir Jesus
ken nie.



Toe het die haan
gekraai. Petrus het
onthou wat Jesus vir
hom gesê het en hy het
baie hartseer gehuil.





Judas was
ook

jammer. Hy het geweet dat
Jesus geen sonde gedoen het
nie. Hy het die 30 stukke
silver terug gevat maar die
priesters wou dit nie terug
vat nie. Judas het die geld
neergegooi en weggegaan
en hom self gaan
ophang.







Die priester het vir Jesus na Pilatus gebring die Romeinse gouverneur. Maar hy het vir Hulle gesê. "Ek vind in hierdie man geen skuld van dinge waarvan julle Hom beskuldig nie;" Maar die mense het aanhou skree, "Kruisig Hom,

Kruisig Hom".




Pilatus het vir die mense
geluister en het Jesus
gevonnis om op 'n kruis te
sterf. Die soldate het vir
Jesus geslaan en in sy gesig
gespoeg. En 'n kroon gemaak
van dorings en dit op sy kop
gesit. Hulle het hom toe op
'n houtkruis vasgespyker.



Jesus het ook geweet dat hy op daardie manier sal dood gaan. Hy het ook geweet dat sy dood vergifnis vir sondaars sal gee as hulle in hom glo.

Daar was twee kriminele saam met Jesus gekruisig. Die een het geglo en Jesus het vir hom gesê jy sal saam met my in die Paradys wees.



Na baie ure wat Jesus gely het
het Hy gesê, "Dit is is klaar."
en gesterf. Sy werk was
klaar. Sy vriende het
Hom in 'n privaat
graf begrawe.



Die Romeinse soldate
het die graf verseël.
Niemand kon in
gaan of uitgaan
nie.



As dit die einde van die storie
is sal dit baie hartseer
wees. God het iets baie
wonderlik gedoen
Hy het vir Jesus
laat opstaan uit
die dode!




Vroeg die volgende more op die eerste dag van die week, het van Jesus se dissipels by die graf gekom die klip wat die graf geseël het was weggerol. Jesus was nie meer daar nie.



'n Vrou het by die graf gebly en gehuil.
Jesus het aan haar verskyn Sy het
terug gehardloop en vir die
dissipels Gaan sê. JESUS
LEEF! JESUS HET
OPGESTAAN UIT
DIE DOOD!





Jesus is gou na sy dissipels, Hy het sy hande met die spyker merke vir hulle gewys. Dit was waar **JESUS WAS WEER LEWEND**. Hy het Petrus vergewe omdat hy hom verloën het. Hy het vir sy dissipels gesê dat hulle vir almal moet vertel van Hom. Daarna het hy terug gaan na die hemel waarvandaan Hy gekom het.



Die Kruisiging

'n Storie uit God se woord, die Bybel,

soos gevind in

Matteus 26-28, Lukas 22-24,
Johannes 13-21


"Die lees van die Woord gee lig."

Psalms 119:130



Die Einde

54



60



Die Bybel storie vertel ons van ons wonderlike God wat ons gemaak het en wat wil he dat ons Hom sal leer ken.

God weet ons het verkeerde dinge gedoen, Hy noem dit sonde. Die straf vir sonde is die dood, maar God het ons so lief dat hy sy Seun, Jesus vir ons gestuur het wat vir ons sondes aan die kruis kom sterf het. Jesus het opgestaan uit die dode en opgevaar na die Hemel! Wanneer jy in Jesus glo en Hom vra om jou te reinig van al jou sonde, sal hy dit doen! Hy sal saam met jou stap deur die lewe, en jy sal vir ewig lewe saam met Hom.

As jy glo dat dit die waarheid is, se die volgende vir God:
Liewe Jesus, ek glo dat U God is, en mens geword het om vir my sondes te kom sterf en nou vir ewig lewe. Kom stap asseblief saam met my deur my lewe en vergewe my my sondes, sodat ek 'n nuwe lewe kan he, sodat ek eendag saam met U vir ewig kan lewe. Help my om vir U te luister en gehoorsaam te wees, sodat ek vir U sal lewe en U kind genoem kan word. Amen

Lees die Bybel en praat met God elke dag! Johannes 3:16

